sending as gesentraliseerd op die ‚mensdom” sodanig, dan moet ons as etiese denkers óf met Schweitzer saamstem en die Christelike eskatologie verwerp óf ons moet die pad bewandel wat ons weet wat voorwaar doodloop in nietigheid en neerlaag. Goddank is dit nie die enigste leuse waarvoor ons gestel word nie. Die vraag ontstaan: Bereik die Christelike etiek nie sy hoogste hoogtepunt en verwesenlik hy nie sy **enigste doel** in die lewe van die **indiwidu** nie? M.a.w., of die menslike era noual afsluit in chaos al dan nie is minder ter sake. Al wat tel is die allerbelangrikste hoogtepunt en eindpunt van die lewe van elke indiwidu en die verhewe taak van ieder om soveel ander moontlik hierdie groot lewenswaarheid te laat besef en dienooreenkomstig te laat handel.

## Wat Traak dit MY?

Deur J. J. C. HOFMEYER (M.A.)

RUS IN VREDE.

In liefdevolle herinnering aan die taal Afrikaans.

Geb. in die 17e eeu; oorlede in die 19e eeu, as 'n gevolg van verwaarlosing deur 1,000,000 Afrikaners.

* * *

„Sy son het ondergegaan terwyl dit nog dag was.”

* * *

Daar is seker g'n enkele Afrikaner wat, sou hy daarna gevra word, nie ten stelligste, en miskien gesteurd, sal antwoord nie: „Ekke? Maar alte seker het ek Afrikaans, my moedertaal lief! Hoe vra jy dan nou so snaaks?” Mens moet dit dan maar so aanneem. Maar dit sal seker in baie gevalle dié soort liefde wees wat jy by tweetjies wat al baie lank verloof of getroud is, kry: hulle is nie eintlik meer bewus daarvan nie en, uit pure gewoonheid aan mekaar, het daar al heelwat van die oorspronklike weersydse agting afgeslyt—hulle is nie meer so danig ingenome met mekaar nie, kan soms al taamlik venynig op mekaar wees.

En, dink mens nou terug aan jou eie verhouding tot jou taal, dan moet jy erken dat, met die uitsondering van 'n paar onvergeetlike geleenthede soos 'n stuk of wat gloeiende Afrikaans- of Geskiedenislesse in jou hoërskooldae nog, en 'n paar opswepende toesprake by verskillende volksfeeste of altemit by politieke vergaderings, ek sê, as jy hierdie gevalle uitsonder, moet jy erken dat jou taal en sy betekenis vir jou oor die algemeen nog maar iets baie newelagtigs was. En dit is algemeen menslik; dus hoef jy jou daaroor nie uitermate te verwyt nie. Jou taal is eweneens in jou gedagtes as die klere wat jy dra (tensy jou skoen druk).

Sou ons die saak egter presies dáár laat, sal ons, vrees ek, 'n baie groot ondiens aan daardie taal van ons (en derhalwe ook aan ons volk) bewys. Maar as jy nou een van daardie onnatuurlike wesens is wat nie 'n duiwel omgee watter taal jou kinders gaan praat nie—Engels of Afrikaans of Swahili of Esperanto of 'n saamkooksel van almal—en ook nie eers 'n onpersoonlik—wetenskaplike belang in so-iets het nie, dan, oumaat, sê ek: Laat maar staan, ek skryf tog nie vir jou nie. Aan die ander wat egter nog belangstel, sy dit dan slegs passief, wil ek sê: Slaap dan maar in hemelsnaam nog 'n bietjie—maar nie langer as vyf minute of so meer nie; want as jy te lank slaap, sal ons reeds die afgrond in wees. Maar voor jy weer indommel, skenk my, asseblief, jou oor; want ek wil my by uitstek, ek beklemtoon dit, by uitstek tot die student rig. Die rede sal blyk.

Ek stem nie saam nie met 'n hele klomp mense (en onder hulle nogal vernames ook!) oor die toekoms van Afrikaans. Ek moet dus 'n ketter wees. Gelukkig het ek maats. Daar wàs al die een en ander ontmoedigde (soos wat ek is), wat in die woestyn geroep het. Hulle jeremiades is die nek ingeslaan deur oormoediges, ander mense wat óf opsetlik, óf vanweë 'n skewe perspektief, óf uit onkunde (aldrie ewe laakbaar) 'n valse, ooroptimistiese beeld voorhang. En, omdat ons menslike wesens is, glo ons hierdie mense altyd liewers as die voriges.

Hierdie laaste groep, hulle is dikwels professore e.a. volksleiers, is skynbaar altyd in 'n oorwinningsroes wanneer hulle die swartgaliges (soos ek) te woord staan. Taal-aangeleenthede word altyd slegs van die helder kant betrag, en dan donder hulle van die kateder af of vanuit 'n Huisgenoot-artikel, en die refrein is altyd: Skaam jy jou nie, armsalige kleingelowige? Kan jy nie **sien** hoe vinnig Afrikaans sedert 1875 gevorder het nie? En kan jy nie nou-al 'n posseël op Afrikaans koop, iets wat jy 500 jaar gelede geheel-en-al nie kon doen nie? . . . Nou-die-dag het een van my geesverwante met 'n klein piepstemmetjie in 'n tydskrif probeer beduie hoedat dié of dié staatsdepartement (ek vergeet van welke een) se skryftaal feitlik uitsluitlik Engels is, en gevra of so-iets nou nie ten hemel roep nie. Maar 'n paar weke later het 'n gewese groot-indoena uit daardie einste departement soos 'n donderweer op die outjie toegesak en vir hóm weer beduie hoe erg Afrikaans wél gebruik sou word in daardie departement en hy moet in die vervolg sy bek hou oor dinge waarvan hy niks weet nie. Hy het natuurlik nie hierdie woorde gebruik nie maar die indruk wat hy geskep het, was nog veel erger; volgens dié indruk het hy sommer baie lelik gepraat. (Die eerste mannetjie, met wie ek simpatiseer, het hom slegs verspreek. Daar is tenminste één departement waarvan die „inwendige” taal uitsluitlik Engels is).

Nou, al hierdie praatjies en omwindsels—wat beteken hulle? Nee, ek wil maar sê (omdat my gal van kleintyd af swart was en die dokters daar niks aan kon of wou doen nie), hierdie gebulder en gejuig laat my skoon koud. Want sien, ek weet, EK WEET!

Vir my lyk die ding so: Jy het 'n rivier met 'n ellemboog (Ek dink aan so'n minlike plek in die Breërivier; dit was in die dae toe ek nog in die Boeland skoolgegaan het). En in die loop van die tyd word die draai al wyer en dieper; en omdat die bedding verskuif, wen die boer aan die binnekant steeds grond, en hy juig natuurlik daaroor. Hy verteenwoordig die hereprofessore e.a. groot kokkedore: daar word gedurig en veel veld gewen, volgens hulle. Maar niemand skyn daarop te let nie (behalwe ekke en my rampsalige medeswartgalliges!) dat die buitekantste wal ewe vinnig, indien nie vinniger nie, wegkalwe, maand na maand, jaar na jaar—maar onverbiddelik, onverbiddelik.

Hierdie wegkalwende wal—wat stel hy voor in die prentjie? Ek sal u sê: 'n kanker wat in die stilte en die dieptes van die liggaam sy vernietigingswerk voortsit. Daar is net één verdedigingslinie tussen die dood en die lewe (wat hier ons lewende taal moet voorstel. Onthou ons gesels oor taalsake), en die linie is—die taalonderwysers. In die Afrikaansklasse in ons Afrikaanse skole in elke stad en op die hele platteland, dag na dag, onverpoosd, onvermoeid, word die stryd teen die verbastering van ons taal gevoer. En al die geskryf oor vreemde invloede sal niks baat nie, en al die lyste van Taalgoggas, en proefskrifte daaroor—berge-hoog—ewemin, as die taalonderwyser nie daar was en sy plig nagekom het nie. Waarheen mik ek? Seer seker nie na 'n standbeeld vir die taalonderwyser nie, hoeseer hy dit ook al verdien. Ek probeer verduidelik dat hierdie man of vrou besig is om 'n dam teen 'n vloed te probeer gooi, dat in sy klaskamer hy in 'n stryd gewikkel is waarvan niemand 'n begrip het wat nie daardie dinge deurgemaak het nie—allermins die ore waarvan ek flussies gepraat het; en ek sê dit in heilige erns. Daar is ook nie 'n enkele Afrikaanse student in die land wat nie hierdie stryd ken nie. (En hoe sat het hulle nie soms vir die arme meester of juffrou se gesanik geword nie!) Sy stoutmoedige pogings skyn egter geleidelik minder en minder uitwerking te hê: die vloed word te sterk. Glo u dit nie? Lees maar die geradbraakte Afrikaans wat ons matrikulante skryf, beluister die gesprekke in Afrikaans op die openbare voertuie, in die teekamers, kyk na ons koerante-Afrikaans, let op na die taal wat u van die preekstoel, van byna enige ander verhoog, of oor die radio hoor—orals die Belialsmerk, orals die verwoesting van daardie kanker, in 'n geringer of groter mate. En ek praat hier nie van vergrype teenoor inwendige elemente van ons taalstruktuur nie, maar van die indringers wat in steeds toenemende legioene hulle verskyning maak. Soos ons hele lewensuitkyk, ons staatswese, die planne van ons huise, ja, selfs ons stembuiging altyd meer en meer verbrits of veramerikaans (of dit al klaar is), netso is ons taal besig om geleidelik, maar reeds baie merkbaar, sy eiendomlike te verloor en 'n vreemde gewaad aan te trek. Leser, dis 'n FEIT, nie die bangmaak-praatjies van 'n lafaard nie. Ons kleinkinders sal nie Afrikaans ken soos ons hom ken nie, al is hy nou reeds taamlik erbarmlik. Die vraag is: wat vir 'n soort taal sal hulle as hulle moedertaal moet leer?

En nou wil ek aan my mede-student vra: Gaan hierdie agteruitgang (ek gebruik hierdie woord met nadruk tenspyte van die professore en die ander agterstevoorbokke), gaan hierdie agteruitgang ons aan? 'n Slim Kaas het gesê: „Die taal is heel het volk.” Ons taal was tot op hierdie tydstip seker een van die mees kenmerkende eienskappe van die Afrikanervolk. En wat gaan dus nie alles verdwyn saam met ons taal soos ons hom vandag ken nie? Want, sowaar as die son aan die hemel skyn, hy sál verdwyn as daar nie damgegooi word nie. Dis ons eie uitsluitlike probleem, en die antwoord sal ons self moet vind. Niemand in die wye wêreld, buitekant die grense van ons vaderland, bekreun hom oor ons taalmoeilikhede nie. Trouens, die wêreld sien minagtend neer op die swakkeling en het bowedien maar min tyd vir 'n kleintjie al is hy ook hoe astrant.

Ek voel ek het genoeg gesê—miskien reeds oorgenoeg. Ek hoop dit sal party van ons jongeres, wat tog oor 'n stuk of wat jare die voortou sal moet neem in openbare sake, laat nadink; làat daar gered word wat daar nog te redde is van ons Eie Goed. Ek is bewus daarvan, in die bostaande verband, dat die Anglisisme al dikwels die onderwerp van ernstige


KOM NA

**POTCHEFSTROOM HANDELAARS**

**(Eiendoms) Beperk**

**SIT DIE £ OM IN WAARDE**

Die mees Bekende Afrikaanse Handelaars, die Beste en Altyd die Goedkoopste.

**DIREKTE——INVOERDERS**

**Waarde van die Hoogste Gehalte teen die Laagste Pryse!**

FOON 259 en 250 — KERKSTRAAT

**Landbou-implemente** **Foon 626.**

POTCHEFSTROOM MOTORHAWE

**Foon 41.** **Laat ure. Foon 301.**

**J. HEIDEMA**

**Kerkstraat 30, teenoor die Geref. Kerk, POTCHEFSTROOM.**

**RYWIELE:**

**RALEIGH,**
**ARGYLE,**
**SUN,**
**HERCULES,**
**PHILLIPS,**
**UNITY.**

MOTOR-RYWIELE:

**VELOCETTE**
**MATCHLESS**

**J. HEIDEMA**

BERGERS BEPERK

*wat steeds lae pryse handhaaf*

—IN—

Dames-, Kinders-, Mans- en Seunsuitrustings.

BERGERS DROOGSKOONMAAKAFDELING vir vinnige aflewering en beste behandeling.

**PAKKE KLERE 2/11. BROEKE 1/3. ROKKE vanaf 2/11.**

*Probeer——Bergers Beperk——Eerste!*

Foon 138 POTCHEFSTROOM Kerkstraat 64

**BOTHA GOOSEN**

Kerkstraat 98,
Potchefstroom.

Foon 430 Posbus 81

—vir—

**MANSKLERASIE**

**ELKE DAG VARS.**

**TURKSTRA'S BAKKERY**

BROOD
en alle
KOEKSOORTE

Raadpleeg ons vir

***BRUIDSKOEKE***

**FOON 282.** **FOON 282**

**KERKSTRAAT 37, POTCHEFSTROOM.**

Besoek die Studente- en Eg-Afrikaanse Kafee

SONSKYN

★

*Bediening na u Bevrediging*

MILLER EN KIE.,
BEPERK.

VIR WAARDE.

BESOEK ONS

Verskillende Afdelings.

MATERIALE,
GORDYNSTOWWE,
KLERASIE EN
SKOENE

VIR VOLWASSENES EN KINDERS

*en Bespaar Geld*

Posbus 75. Foon 197.
KERKSTRAAT 119,
POTCHEFSTROOM.

O.K. BAZAAR
VIR ALLES

Gedruk deur die Westelike Stem, Potchefstroom vir die uitgewers, Studente Vert. Raad, P.U.K. vir C.H.O., Potchefstroom.

7) E, art. 5 en 6 is onderhewig aan die goedkeuring van die Federale Raad, wat die reg sal besit om die aansoek van die hand te wys of aan die ander kant dit te aanvaar.

### F. ADMINISTRASIE.

1) FEDERASIE: Die Federasie sal bestaan uit die lede van die studente-organisasies soos omskryf in E van hierdie Grondwet.

2) FEDERALE RAAD: Die federasie word beliggaam in en verteenwoordig deur die Federale Raad.

3) SAMESTELLING: Die Federale Raad bestaan uit net soveel lede as wat toegelaat word volgens die bepalings in E van hierdie Grondwet.

4) HOOFBESTUUR:
(a) Jaarliks word 'n Hoofbestuur deur en uit die Federale Raad op 'n Federale Raadvergadering deur nominasies en hoofdelike stemming saamgestel.
(b) Die Hoofbestuur sal bestaan uit:
(i) Voorsitter.
(ii) Ondervoorsitter.
(iii) Sekretaris.
(iv) Penningmeester.
(v) Drie gewone lede.

5) VERGADERING:
(a) Die Federale Raad vergader minstens een keer per jaar op sodanige tyd en plek as hy self mag bepaal.
(b) Die Hoofbestuur vergader minstens tweekeer per jaar op sodanige tyd en plek as hy self mag bepaal.
(c) Twee-derdes van die lede van die Federale Raad vorm 'n kworum.
(d) Vyf lede van die Hoofbestuur vorm 'n kworum.
(e) Die voorsitter van die Hoofbestuur is ipso facto ook voorsitter van die Federale Raad.
(f) Die voorsitter van die Hoofbestuur tree op as saamroeper van die Federale Raad sowel as Hoofbestuursvergaderings.
(g) Van alle vergaderings moet minstens drie weke voor die tyd kennis gegee word, met opgawe van agenda.
(h) In alle sake berus die finale beslissing by die Federale Raad.
(i) By die jaarlikse Federale Raadsvergadering sal die voorsitter, Sekretaris en Penningmeester van die Hoofbestuur volledige verslae indien oor die Federasie se werksaamhede en finansies.
(j) Op Federale raad- sowel as Hoofbestuursvergaderings besit die voorsitter 'n gewone sowel as beslissende stem.

6) TAKE:
(a) Federale Raad: Jaarliks dra die Federale Raad take op in ooreenstemming met die vereistes van hierdie grondwet aan die Hoofbestuur.
(b) Hoofbestuur:
(i) Die Hoofbestuur tree op as uitvoerende komitee van die Federale Raad.
(ii) Die Hoofbestuur mag persone uit die Federasie benoem om hom behulpsaam te wees in die uitvoering van sy pligte. Sulke persone is onderhewig aan die bepalings van E van hierdie Grondwet.
(iii) Die Hoofbestuur is aan die Federale Raad verantwoordelik.
(iv) Die Hoofbestuur vul self tussentydse vakatures aan met inagneming van E van hierdie Grondwet.
(v) Onderhewig aan die goedkeuring van die Federale Raad moet die Hoofbestuur 'n program van aksie opstel.

### G. FINANSIES.

(a) Elke inrigting wat lid is van die Federale Raad dra by tot die Sentrale Fonds 1/- per jaar per ingeskrewe lid van sy of haar organisasie, so gou moontlik na die aanvang van die Akademiese jaar, in elk geval nie later as 31 Mei.
(b) By die uittrede van 'n inrigting uit die Federasie, word alle reeds betaalde gelde verbeur.
(c) Die finansies word beheer deur die penningmeester van die Hoofbestuur onder toesig van die Hoofbestuur.
(d) Die Hoofbestuur moet enige ander bron van inkomste eksploiteer.

### H. WYSIGINGE.

(a) Wysiginge, byvoegings of weglatings aan hierdie grondwet, uitgesonderd E, mag alleen geskied op 'n Federale Raadbyeenkoms met 'n twee-derde meerderheid van die moontlike totale aantal Raadslede.
(b) Wysiginge, byvoegings of weglatings aan E van hierdie Grondwet mag alleen geskied op twee agtereenvolgende Federale Raadsvergaderings een waarvan 'n jaarlikse gewone vergadering. wat nie minder as 3 maande voor of na die jaarlikse gewone Raadsvergadering gehou moet word nie. Op beide vergaderings moet 'n twee-derde meerderheid van die moontlike totale aantal raadslede, se stemme verkry word vir die wysiging.
(c) E, art. 1 (b) mag nie verander word nie.

INGRAM SE BOTTELSTOOR
(Eienares: Mev. C. M. INGRAM).

INGEVOERDE
en
KOLONIALE
WYNSOORTE
en
SPIRITUALIEË

O.K BAZAAR
(1929) BEPERK

60 Departemente onder een Dak.

Kruideniersware en Voedselware, Mans- en Dameskleraisie, Toiletware en Medisyne, Koek en Lekkers, Meubels ———— ens.

O.K. BAZAAR
POTCHEFSTROOM
Elke Dag 'n Uitverkopingsdag.

: DIRK PONS en KIE :
(Eienaars: AFRIKAANSE PERS BEPERK).

Die WINKEL vir STUDENTE en KUNSLIEFHEBBERS waar die grootste verskeidenheid en beste gehalte SKRYFBENODIGHEDE en KUNSWARE altyd in voorraad is.

STUDIEBOEKE
OPVOEDKUNDIG
FILOSOFIE
TEOLOGIES
TAALWERKE—
Afrikaans,
Engels, Duits,
Nederlands.
SKEIKUNDE
WISKUNDE
WETENSKAPPE, ens.

BIBLIOTEEK
Groot verskeidenheid ROMANS en VERHALE in Afrikaans en Engels geskik vir enige Biblioteek en ideaal vir Geskenke.

DIENSTE
Ons het regstreekse verbinding met alle uitgewers in die Buiteland en neem bestellings aan vir enige BOEK of TYDSKRIF.

GESKENKE
Geskik vir alle geleenthede:
EETSTELLE, TEE- EN KOFFIESTELLE
GLASWARE, LEER- EN SILWER
ARTIKELS, ens.

SPESIALISTE IN VULPENNE.
Grootste Voorraad en verskeidenheid in VULPENNE:
"Sheaffer," "Parker," "Waterman," "Swan," ens

ONS VOORSIEN ALLE KOLLEGES EN SKOLE.

DIRK PONS en KIE

Foon 363 POTCHEFSTROOM. Posbus 149,

artikels en monografieë, ja, selfs van 'n doktorale proefskrif was. Maar ek wil hê ons moet ophou om so tevrede te wees met die s.g. „vooruitgang" van ons taal in die openbare lewe; daardie soort vooruitgang sal waaragtig die doodsklok oor Afrikaans wees. Want wat help dit hom as hy al die Staatsdepartemente en wat nog meer oorwin, en hy ly skade aan sy siel?

Ek het geen genesing aangebied nie—slegs die vinger op 'n kwaadaardige gewas probeer lê en 'n skynbare misverstand probeer aantoon: ons kan ons en durf ons nie tevredestel met die vordering van Afrikaans oor die toonbank nie. Die wal kalwe te vinnig weg agter ons.

Ten besluite 'n aanhaling uit Langenhoven se Toespraak voor die Akademie in Julie 1915 (Ek wil herlesing van hierdie Toespraak by almal aanbeveelt—tot vandag toe nog een van ons allermooiste stukke Afrikaans. U vind dit in die Versamelde Werke, Deel X):

„Dis ons kostelikste roem, ons hoogste besitting: die één enigste witmens-taal wat in Suid-Afrika gemaak is en nie oor die seewater klaar gekom het nie, wat die spore van lief en leed dra van alles wat ons en ons vadere hier deurleef en deurworstel en deurtriomfeer het; die één band wat ons as nasie aan mekaar heg; die uitgedrukte siel van ons volk."

Wat traak dit MY?

# Van U.S.

## 'N HELDER NOOT.

Die stigting van die Federasie van Blanke Suid-Afrikaanse Studente is werklik 'n verfrissende ontwikkeling op die gebied van studente-eenheid en -samewerking.

In die eerste plek is die behoefte aan 'n inter-universitêre skakelkomitee wat netelike en dringende sake soos inter-universitêre betrekkinge doeltreffend kan besleg, baie akuut. Deurdat die Federasie sy lidmaatskap oopstel vir die verskilende studenterade, word direk in dié behoefte voorsien—vir die Afrikaanse universiteite, altans. Die tragiese toestand dat die betrekkinge tussen selfs suiwer Afrikaanse universiteite van so'n onvaste en skommelende aard is, dat dit nie altyd moontlik is om die lopende posisie te volg nie, sal dus 'n stap nader aan beëindiging gevoer word.

Op grond van sy doelstellings en grondslag **(wat uit die aard van die saak slegs kommunisties georiënteerde bewegings soos N.U.S.A.S. uitskakel)** bied die Federasie origens aan elke studente-groepering (vereniging, organisasie, ens.) 'n kontakpunt met elke ander studentegroepering of -denkrigting aan ons universiteite. **Daarmee gaan geen opoffering van identiteit van enige groep gepaard nie:** elke groep word as groep verteenwoordig deur 'n afvaardiging van sy betrokke hoofbestuur. En geen enkele groep kan binne die Federasie domineer, sy denkrigting op die Federasie afforseer, bloot op grond van sterker ledetal nie: **elke groep verkry absoluut gelyke verteenwoordiging, afgesien van ledetal! Dus slegs 'n punt waarop elke studente-denkrigting met elke ander studente-denkrigting kontak kan maak in sake van studente of volksbelang.**

**OP STELLENBOSCH.**

Die toestand aan ons Universiteit verskil merkbaar van die aan die ander universiteite. In Pretoria is A.S.B. die faktor van die belang op volkspolitieke terrein soos weerspieël in die studentelewe, aan P.U.K., A.N.S. en A.S.B., aan Wits A.N.S., aan U.K.O.V.S. A.S.B., terwyl die Afrikaners van U.K. in die totaal nie-politieke Afrikanerklub saamskaar. Op Stellenbosch is daar egter geen sodanige eenheidsfaktor nie: **hier vind ons eenvoudig 'n perfekte en volledige projeksie van die ‚volwasse" politieke lewe van ons land**—die O.B., die H.N.P. (N.J.B.), die Gryshemde (N.S.S.B.), die V.P. (Jeugfront), almal is direk verteenwoordig en tot 'n meerdere of mindere mate lewenskragtig en aktief. Die Stellenbosse student voel weinig behoefte (en vind min tyd) om sy „volkspolitieke" neiginge in 'n organisasie naas hierdie groeperinge waarin hy tuis voel, uit te leef. Daarom dan ook dat 'n organisasie soos die A.S.B. hier nie kan grondvat nie.

Maar juis ook weens hierdie heterogene vorme van behartiging van die volkspolitieke belange en belangstelling van studente aan ons hoër opvoedingsinrigtings, skyn die gedagte van die Federasie des te meer prakties—die enigste praktiese wyse waarop 'n breër samewerkingsmoontlikheid onder die studentegeledere geskep kan word. **Laat al hierdie groepe op gelyke basis en met behoud van volle identiteit amptelik by die Federasie inskakel, en enige mislukking sal slegs te wyte wees aan kwaadwillige dwarstrekkery van een of meer groepe.**

Die Federasie kan dan met reg spreek namens **alle Afrikaanssprekende en -denkende studente in Suid-Afrika**, en dit sal nie langer nodig wees dat 'n komunistiese N.U.S.A.S. oorsee die toon aangee, „namens die studente van Suid-Afrika," en kollektes organiseer vir stamverwante in Holland nie.

Ons wil nie op dié sadium beweer dat die Federasie dadelik een honderd per sent suksesvol sal wees nie, **maar as enige studenteorganisasie wel kans het op sukses, dan is die Federasie in die allergunstigste posisie om die maksimum sukses te behaal.**

Hierdie artikel is geneem uit die „Matie" van 28 Maart 1947 vir plasing deurdat ons niks in dier voege van U.S. ontvang het nie.—Red.

# Van P. U. K.

## WELKOM!

Hierdie uitgawe van „Die Wapad" is 'n geskiedkundige gebeurtenis, omdat dit die eerste uitgawe is van 'n blad wat die belange behartig en propageer van die Federasie van Blanke Suid-Afrikaanse studente.

As gevolg van die feit dat genoemde organisasie nog maar pas gestig is en nog nie oor genoegsame fondse beskik om 'n eie blad die lewe te laat sien nie, daarom is daar van die verskillende studenterade of organisasies met 'n eie orgaan gevra om een uitgawe aan die belange van die Federasie af te staan.

Hierdie „Die Wapad" is dus, hoewel sy naam „Die Wapad" is die eerste uitgawe van 'n eie organ van die Federasie. Hiermee maak Die Federasie vir Blanke Suid-Afrikaanse Studente dan sy buiging in die Suid-Afrikaanse studente-wêreld en algemene volkslewe.

Vir die volgende uitgawe van die Federasie-orgaan sal „Die Matie" verantwoordelik wees en daarna „Spore". Daarna—oprig hopelik—'n eie blad met 'n eie naam en karakter, wat die strewe en ideale van die Federasie sal uitdra.

„Die Wapad," „Die Matie" en „Spore" is nou die takkraal waarmee ons die verwarde en verwilderde en verdeelde studente wil in saamhok sodat hulle weer die ou tropreuk kry. Daarna die blywende Klipkraal van 'n eie orgaan en saamgesnoerde studentegeledere.

G. B. S. PASCH.

## NOG 'N GEVAAR WAT ONS BEDREIG.

Dit is voorwaar 'n verblydende en tydige werklikheid dat die ganse Blanke Afrikanerdom bewus geraak het van die gevare wat ons bestaan en voortbestaan as volk in hierdie Godgewe land angswekkend bedreig. Daar is bv. die besef van die ondergrondse bedrywighede van die Kommunisme, die astrante houding en optrede van die Asiate en eindelik die aanrollende swartgevaar. Aldrie hierdie gevare werk hand aan hand saam en vorm hoe langer hoe meer 'n gedugte vyand van die blanke beskawing in hierdie land. Doelbewuste optrede hierteen het egter nie uitgebly nie—en juis dit bied vertroosting en voed die geloof dat ons as blanke nasie in hierdie land moet voortbestaan—en hierdie geloof moet ons deur ons ganse stryd heen onwankelbaar vashou. Stryd wat wortel in geloofsvolharding bring 'n bestendige beloning.

Te midde van bogenoemde gevare egter het dit hoog tyd geword dat ons oë sal oopgaan vir 'n miskien nog groter gevaar nl. die gevaar van die Evolusionisme. Sedert die ontstaan en wording van die Afrikanernasie tot op die huidige oomblik het ons stryd en strewe gewortel in ons Christelike geloof—en juis hierin het nog altyd ons krag gelê. Ook ons huidige stryd om die bestaan en voortbestaan as blanke ras sal bepaal word deur die krag van ons Christelike geloof—as ons hierin verslap is ons so seker as wat daar 'n son skyn tot ondergang gedoem.

Dit is opmerklik dat die gevaar van die Evolusionisme juis daarop bereken is om ons Christelike geloof te ondergrawe—deur die ontstaan, die bestaan, en die voortbestaan van die skepping Gods op 'n eg verdraaide heidense wyse aan ons volk as geheel voor te hou—dink maar bv. aan die aktiwiteite en publikasies van Dr. Broom e.a. Dit is vir geen ontwikkelde gelowige 'n moeilike taak om vas te stel dat die s.g. Evolusie-dogma met al sy aktiwiteite en publikasies onsamehangende, saamgeflansde drogredenasies is nie—dit bv. het Prof. dr. E. E. van Rooyen van Stellenbosch op skitterende wyse in 'n reeks artikels in die „Gereformeerde Vaandel" gedoen. Hierteenoor egter vind mens dat die minder ontwikkelde gelowige vanweë 'n gebrek aan kennis, nie daartoe instaat is nie en dit is juis in hierdie persone (wat die grootste gedeelte van ons volk uitmaak) waarin die Evolusie-gedagte weerklank vind. Dat ons volk stadig maar seker 'n Christelike volk sonder Christus word, blyk uit die onrusbarende feit dat die Protestantse Kerke stadig begin leegloop, d.w.s. 'n daadwerklike omswaai van die ware Christelike geloof met die besielende krag en vrede wat dit bied na die moderne heidendom met sy magteloosheid en rusteloosheid—en die worteloorsaak van hierdie haglike toestand is niks anders as die omhelsing van die Evolusie-dwaling nie.

Ons stryd in hierdie land is in die eerste instansie dus 'n geloofstryd—'n stryd tussen die magte van die lig en diè van die duisternis. Daarom is dit van lewensbelang dat die gelowiges in hierdie land sal saamstaan, ons mag nie langer talm nie, alleen in eenheid van optrede lê ons krag en die geloof en hoop van selfbehoud as Christendom teenoor heidendom. Ons moet soos een man optree teen die gevare wat ons dreig en ons optrede moet teen almal gelyktydig geskied. Dit is ons taak om die heidendom in hierdie land uit te delg en voorwaarde hiervoor is dat ons ons Christelike geloof onwankelbaar sal vashou—want alleen hierin lê die oorwinning opgesluit. Om hierdie geloof te bestendig en te voed is dit in die eerste plek ons taak om die Evolusie-dwaling uit te delg.

Dit is verblydend om te sien dat ons volk nou vinnig beweeg in die rigting van samewerking in die Nasionale strewe, maar nog meer verblydende is die feit dat die Blanke Afrikaanse Studentedom reeds saamwerk in die nasionale strewe deur die stigting van 'n Federasie. Deurdat die studente diè persone is wat van die vroegste tyd reeds tot vandag toe die eigelike leiers word op elke gebied in ons volkslewe, kan met reg gesê word dat die stigting van die Federasie van Blanke Suid-Afrikaanse Studente die Sitadel is van waaruit daar krag en besieling vir ons nasionale strewe in die toekoms in ons volkslewe soos 'n suurdeeg sal deurwerk.

Mag die Federasie die krag wees wat finale eenheid in ons volk in die nabye toekoms sal bewerkstellig—as dit eenmaal plaasgevind het dan sal die loon op die oorwinning oor ons vyande ons deel word. As studente mag ons nooit weer dwarstrek nie—laat ons die sáák in die oog hou en nie persone nie—en laat ons strewe wortel in ons Christelike geloof deur die belydenis van die hoop onwankelbaar vas te hou, **dan sal ons nie weer beskamd daarvan afkom nie.**

# GRONDWET VAN DIE FEDERASIE VAN BLANKE S. AFR. STUDENTE

**A. NAAM.**

Federasie van Blanke Suid-Afrikaanse Studente.

**B. GRONDSLAG.**

Die Federasie erken die Soewereiniteit van God op alle lewensterreine soos geopenbaar in die Heilige Skrif.

**C. TAAL.**

Die Amptelike Taal van die Federasie is Afrikaans.

**D. DOEL.**

1) Om alle organisasies van studente aan Hoër opvoedingsinrigtings soos in E genoem saam te snoer.
2) Die handhawing en uitbouing van die blanke Christendom.
3) Die handhawing en bevordering van die Afrikaanse taal in ooreenstemming met die Dietse agtergrond waaruit dit gegroei het.
4) Daadwerklike bestryding van die Kommunisme.

**E. LIDMAATSKAP.**

1) (a) Die Hoofleier of verteenwoordiging van elk van die volgende bestaande Afrikaanse studente-organisasies:
   (i) A.N.S.
   (ii) A.S.B.
   (iii) S.A.N.S.S.B.
   (iv) N.J.B.
   (v) Afrikaners van U.K.
   (vi) „Spore"-Redaksie van U.W.
   (vii) Unie-Jeugfront.
   (b) Mits bogenoemde persone binne die blanke, organiese stamverwantskap van die Afrikanervolk staan, en gemelde grondslag en doel onderskryf.
   (c) By stemming het organisasies genoem in (a) elk een stem.
2) Indien die Hoofleier van enige van die genoemde organisasies nie 'n voltydse geregistreerde student aan 'n inrigting vir Hoër Onderwys is nie, moet hy of sy 'n voltydse, geregistreerde student benoem (skriftelik) wat voldoen aan die vereistes van E, artikel 1.
3) Die Voorsitter of verteenwoordiger van elk van die verteenwoordigende studenterade van die volgende inrigtings vir Hoër Opvoeding:
   (i) U.S.
   (ii) U.P. (Binne sowel as Buitemuurs).
   (iii) U.K.O.V.S.
   (iv) P.U.K. vir C.H.O.
   (v) Normaalkollege Pretoria
   (vi) Normaalkollege Heidelberg.
   (vii) Onderwyskollege Potchefstroom
   (viii) Normaalkollege Bloemfontein.
   (ix) Opleidingskollege Denneboom.
   (x) Opleidingskollege Oudtshoorn.
   (xi) Opleidingskollege Wellington.
   (xii) Opleidingskollege Graaff-Reinet
   (xiii) Opleidingskollege Steynsburg.
   (xiv) Opleidingskollege Paarl.
   (xv) Landboukollege Elsenburg.
   (xvi) Opleidingskollege Mowbray.
   (xvii) Sendingsinstituut Wellington.
   (xviii) Columbia Stellenbosch.
   (xix) Teologiese Studentevereniging Potchefstroom, mits so 'n voorsitter(ster) voldoen aan die vereistes soos omskryf in E, artikel 1(b) en mits hy of sy nie die Hoofleier(ster) of benoemde persoon soos omskryf in E, art. 2, is nie. In so 'n geval benoem die betrokke verteenwoordigende studenterade 'n bevoegde persoon skriftelik om in hierdie hoedanigheid op te tree. Hierdie persoon moet:
      (a) by voorkeur by die ondervoorsitter(ster) van die betrokke verteenwoordigende studenterade wees, en
      (b) voldoen aan die vereistes soos omskryf in E, art. 1 (b).
4) Die skriftelike benoemings soos omskryf in E, art. 2, en E art. 3 moet aan die voorsitter van die Federale raad oorhandig word.
5) Enige ander blanke inrigting vir Hoër Opvoeding wat bestaan sal deur die Federasie lidmaatskap aangebied word.
6) Enige ander blanke studente-organisasie wat bestaan of mag bestaan en wat aan die vereistes van hierdie grondwet voldoen mag aansoek doen om lidmaatskap.